NAAM VAN LEERDER:	**GRAAD: A**
DATUM :	**PRIMA/NOVA**

PAUL ROOS GIMNASIUM
BETALING VAN KOSHUISGELD – BEPALINGS EN VOORWAARDES

PRG hef, volgens wet, verpligte koshuisgeld ten opsigte van elke leerling wat in die koshuis inwoon. Elke ouer se bydrae is onontbeerlik vir die optimale funksionering van die skool en koshuis. Dit stel ons in staat om aan u seun al die moontlike geleenthede te bied om sy drome te bewaarheid. Betaling van koshuisgelde is onderhewig aan die volgende bepalings en voorwaardes:

1. Beide die vader en moeder en/of waar van toepassing, enige voog, van elke leerder is aanspreeklik, gesamentlik en afsonderlik, vir betaling van skoolgeld/koshuisgeld.
2. Betaling moet stiptelik teen die betaaldatum geskied. Koshuisgeld is normaalweg volledig betaalbaar aan die begin van die akademiese jaar. Koshuisgeld mag ook na keuse maandeliks vooruit betaal word. Indien maandelikse betaling aangebied en deur PRG aanvaar word, moet betaling stiptelik voor of op die 2de dag van elke maand vanaf Februarie tot November geskied. Koshuisfooie word maandeliks gehef vanaf Februarie tot November. Die ouer/voog dra uitdruklik self verantwoordelikheid vir die betalingswyse gekies, d.w.s per debietorder of elektroniese oorplasing. **Sou enige betaling nie teen die betaaldatum ontvang word nie, word die volle uitstaande jaarbalans van koshuisgeld, soos op datum van nie-betaling, onmiddellik volledig betaalbaar. PRG mag dan, sou volledige betaling nie onmiddellik geskied nie, die volle bedrag vir invordering oorhandig. Indien koshuisgeld een kwartaal agterstallig is, word die reg tot verblyf verbeur. Skoolgeld van koshuisleerders moet te alle tye tot datum betaal wees.**
3. Indien agterstallige koshuisgeld oorhandig word vir invordering, word die ouer/voog aanspreeklik gehou vir alle invorderingskommissie, kostes en fooie in terme van Wet 114 van 1998.
4. Een skoolkwartaal skriftelike kennisgewing word vereis indien ’n leerder die koshuis wil verlaat. U bly steeds verantwoordelik vir die losies totdat die kennistydperk verstryk het.

Koshuisgeld vir **2022** is by die ouervergadering op 2 November 2021, vasgestel as **R55 000** per jaar.

Dui asseblief aan op watter wyse u onderneem om te betaal:

Betaalopsies:

1.	Eenmalige betaling van **R55 000** voor of op 28 Februarie 2022.	
2.	Maandelikse elektroniese oorbetaling van **R5 500** in die tjekrekening van Paul Roos Gimnasium Koshuise vanaf 2 Februarie 2022 tot 2 November 2022.	
3.	Betaling per debietorder: 10 maandelikse aftrekkings van **R5 500** vanaf 2 Februarie 2022 tot 2 November 2022. Sluit ’n voltooide 2022 debietordervorm plus bewys van rekeningnommer in.	

Deur die ondertekening van hierdie dokument aanvaar ek die bostaande bepalings en onderneem om die koshuisgeld stiptelik te betaal soos ek hierbo aangedui het.

Geteken op die	dag van	20	te

_____
HANDTEKENING
Vader/Voog

_____
HANDTEKENING
Moeder/Voog

Bankbesonderhede: Paul Roos Gimnasium Koshuise,
ABSA Stellenbosch, takkode **632005**, rekening **405 185 2991**
Verwysing: Gebruik asb u rek nr bv XYZ001, leerder naam en van

NAAM VAN LEERDER:	**GRAAD: A**
DATUM :	**PRIMA/NOVA**

Volle naam en van van die persoon verantwoordelik vir die rekening (ouer/voog):

ID-nr.:	Huwelikstatus:

E-pos:

Adres (woon en pos):

Telefoon (huis en sel):

Naam, adres en telefoon van werkgewer:

Volle naam en van van ander ouer/voog:

ID-nr.:	Huwelikstatus:

E-pos:

Adres (woon en pos):

Telefoon (huis en sel):

Naam, adres en telefoon van werkgewer:

Hiermee gee ek toestemming dat bogenoemde e-pos adresse en selfoonnommers deur die skool gebruik mag word vir kommunikasie. Ek verklaar dat die inligting hierbo verskaf korrek is en dat ek die skool tydig skriftelik in kennis sal stel van enige veranderinge.

_____ _____

Vader/Voog Moeder/Voog

Graad (2022): _____ (Kantoorgebruik: Rek nr_____)

NAAM VAN LEERDER:	**GRAAD: A**
DATUM :	**PRIMA/NOVA**

PAUL ROOS GIMNASIUM
KOSHUIS DEBIETORDER 2022

PERSOONLIKE BESONDERHEDE

VAN:
EERSTE NAAM EN VERDERE VOORLETTERS:
ID NR:
TELEFOON: (H) (W) (S)
HUIDIGE DEBIETORDER: JA / NEE

BANKBESONDERHEDE

NAAM VAN BANK:	
TAK:	TAKKODE:
REKENINGNOMMER:	TIPE REKENING:
BANKREKENING NAAM:	

MAGTIGING

1. Ek magtig Paul Roos Gimnasium Koshuise om my bankrekening te debiteer met die bedrag vir maandelikse koshuisgeld, asook enige agterstallige koshuisgeld deur my verskuldig aan die koshuis en waarvan ek vooraf in kennis gestel is. Betalings geskied op die 2de dag van die maand met die eerste betaling in Februarie 2022 en die laaste betaling in November 2022. Indien die transaksiedatum op ’n naweek val, sal die transaksie die volgende werksdag plaasvind.
2. Ek erken dat die party wat hiermee gemagtig is om die trekkings teenoor my rekening te behartig, geen van sy regte aan ’n derde party mag afstaan of sedeer sonder my skriftelike toestemming wat vooraf verkry is nie, en dat ek geen van my verpligtinge ingevolge hierdie magtiging aan ’n derde party mag delegeer sonder die skriftelike toestemming wat vooraf van die gemagtigde party verkry is nie.
3. Indien die debietorder twee keer deur die bank as onbetaald teruggestuur word, mag die debietorder deur Paul Roos Gimnasium Koshuise gekanselleer word. In die geval wat Paul Roos Gimnasium Koshuise die debietorder moet stop, sal ek self verantwoordelik wees vir die oorbetaling van die uitstaande losiesgeld.
4. Ek verstaan dat die onttrekkings wat hiermee gemagtig word deur ’n rekenaar verwerk sal word deur middel van ’n stelsel bekend as die ACB-magneetbanddiens, en ek verstaan ook dat die besonderhede van elke onttrekking op my bankstaat of op ’n bygaande strokie gedruk sal wees.
5. Ek stem toe om enige bankkoste met betrekking tot hierdie debietorderopdrag te betaal.
6. Hierdie magtiging kan deur my gekanselleer word deur die skool skriftelik dertig dae kennis te gee, maar ek verstaan dat ek nie op ’n terugbetaling van bedrae geregtig is wat onttrek is terwyl die magtiging van krag was, indien sodanige bedrae regtens aan Paul Roos Gimnasium Koshuise verskuldig was nie.

_____ _____
HANDTEKENING DATUM

BESONDERHEDE VAN KINDERS IN KOSHUIS:

NAAM EN VAN	GRAAD 2022	KANTOORGEBRUIK